

Riglyne vir onderrig

Laat die leerders die opdragte op hul eie doen en sien dit saam in die klas na. Herinner hulle om die reëls in die taalfokusse op bladsy 91 en 92 te gebruik.

Antwoorde

1. a) van
c) op
e) om
- b) aan
d) in
f) vir
2. a) bepaalde hooftelwoord
b) bepaalde hooftelwoord
3. a) samestelling/verbinding met 'n eienaam (koppelteken is opsioneel)
b) Eurostartreine, Eurostar treine
4. vergemaklik lees
5. a) 2,6 ton is deur die olifant op elke voet geplaas.
b) Spykerhakke is altyd deur vroue gedra.
c) Roomys en sjokoladesous sal altyd deur my as poeding gekies word!
6. a) *Ouma* eindig nie op 'n beklemtoonde -a soos *ma* nie.
b) Du Toits: afkappingstekens word nie gebruik by die meervoud of verkleining van eiename wat op t eindig en nie uitgespreek word nie.
Du Plessis: afkappingstekens word wel gebruik by die meervoud of verkleining van eiename wat op 'n s eindig wat nie uitgespreek word nie.
c) Die reël sê dat slegs woorde wat op 'n beklemtoonde a eindig, 'n afkappingsteken in die meervouds- of verkleiningsvorm gaan hê. Geeneen van dié woorde eindig op 'n beklemtoonde a nie.
7. a) Om in die oggend in 'n slegte bui (omgekrap) op te staan.
b) Dit word gesê as iemand baie lomp is.
8. Idiome met voete:
 - Iets kry voete – iets raak weg
 - Jou voete onder andermanstafel insteek – afhanklik van iemand anders wees
 - Jou voet dwars sit – beslis wees en nee sê
 - Met een voet in die graf staan – om oud en afgeleef te wees
 - Op vrye voet laat – wanneer 'n misdadiger vrygelaat word
 - Op beskeie voet lewe – om arm te wees
 - Op gespanne voet lewe/staan – om nie op 'n vriendskaplike voet met mense rondom jou te wees nie
 - Jou uit die voete maak – om weg te hardloop
 - Iemand die voet op die nek hou – iemand onderdruk
 - Om jou voete nie iewers te sit nie – om nie na die plek toe te gaan nie
 - Op staande voete – onmiddellik
 - Voet by stuk hou – om by jou standpunt te bly
 - Geen voet versit nie – om niks te doen nie
 - Voetjie vir voetjie – om stadig te beweeg
 - Voor die voet – sonder om uitsoekerig te wees